ROYALSKOU

NASIONALE REKORDPRYS VIR BEESKARKAS BETAAL

Mnr. Pierre Janse van Rensburg van die Hoër Landbouskool Weston naby Mooirivier in KwaZulu-Natal by die Beefmaster-karkas wat op *Landbouweekblad* se karkaskompetisie op die Royalskou deur die Oysterbox-hotel vir R200/kg gekoop is.

LANDBOUWEEKBLAD se karkaskompetisie op die Royalskou in Pietermaritzburg het vir opwinding gesorg toe R200/kg en R1 500/kg vir onderskeidelik die wenbees- en skaapkarkas betaal is. 'n Beefmasterbeeskarkas wat deur die Hoër Landbouskool Weston vir *Landbouweekblad* se karkaskompetisie ingeskryf is, is teen R200/kg aan die Oysterbox-hotel in Durban verkoop.

Die karkas, wat 271,1 kg geweeg het, het dus vir Weston R54 220 in die sak gebring.

Volgens mnr. Pierre Janse van Rensburg, 'n landbou-onderwyser aan Weston, gaan hulle mnr. Clark Rattray van Pleasant View Beefmasters met 'n glimlag betaal vir die vers wat hy aan hulle gegee het. "Ons het drie jaar gelede 'n program saam met die KwaZulu-Natalse Beefmastergenootskap begin waar ons van vyf telers speenkalwers gekry het om vet te maak.

"Dié speenkalwers raak die verantwoordelikheid van die leerders in graad 9 wat hulle moet voer, sorg vir water en hul gesondheid moet dophou. Wanneer ons die speenkalwers verkoop, betaal ons die teler, trek die voerkoste af, en die wins wat ons maak, gebruik ons binne die boerdery.

"Die finansiële inspuiting sal gebruik word om die skool se speenkalfprogram en sy Beefmaster-stoetery, een van die stoeterye wat deel is van *Veeplaas* se skoleprojek, uit te bou," het hy gesê.

Mnr. Terry Strachan, uitvoerende hoof van die Royal-landbougenootskap, was ingenome met die oplewing wat die karkaskompetisie beleef het. "Ons het die afgelope jaar baie moeite gedoen om die volle potensiaal van die kompetisie te ontsluit. Ek reken ons het 'n agt-uit-tien-prestasie behaal met die kompetisie vanjaar, in ag genome dat die R200/kg vir die beeskarkas 'n nasionale rekord vir 'n beeskarkas is," het hy gesê.

Die Oysterbox het oudergewoonte die res van die kopers stof in die oë geskop en die hoogste gebie vir ál drie die wenkarkasse van die kompetisie. Die bod vir die wenskaapkarkas, wat deur mnr. Gert Lotter van Aberdeen geteel is, is op R1 500/kg aan die Oysterbox toegestaan, wat per telefoon op die veiling gebie het. Die karkas, 'n Wit Dorper-Ile de France-kruising, het 'n punt van 97,5 behaal.

Hy het op verlede jaar se kompetisie slegs R180/kg verdien toe die karkas ook deur die Oysterbox gekoop is. Me. Regina Harmse van RHC Ile de France-stoetery by Ermelo het vanjaar, soos verlede jaar, die prys gewen vir die beste karkas uit Europese teelmateriaal. Dié karkas is vanjaar teen R175/kg aan Willowton Meats verkoop. Die Oysterbox het verlede jaar haar Ile de France-karkas teen R1 350/kg gekoop. Van die twaalf beste karkasse op vanjaar se kompetisie is slegs een karkas teen minder as R160/kg verkoop.

Die beste varkkarkas in die kompetisie is uit PIC-teelmateriaal geteel deur die Glenelly-varkboerdery en het 'n punt van 93,41 behaal. Dit is teen R90/kg deur die Oysterbox gekoop.

Die reserweprys vir die varkkarkasse was R21/kg. Die reserweprys vir beeskarkasse was R45/kg en vir skaapkarkasse was dit R66,50/kg.

'n Toevoeging tot vanjaar se veiling was 'n Wagyu-karkas van 420 kg wat die SA Wagyu-beestelersgenootskap beskikbaar gestel is. Die karkas is teen R160 000 aan die Zingela Meats-slaghuis verkoop. Volgens mnr. Michael Bradfield, uitvoerende hoof van die SA Wagyu-beestelersgenootskap, was hulle tevrede met die prys. Hy meen dit sal beter kan doen in die toekoms.

– JOHAN VAN DER MERWE

AFRIKANER-GENOOTSKAP

DE KOCK WEER VOORSITTER

DR. PIETER DE KOCK (foto) is op die jaarvergadering van die Afrikaner-beestelersgenootskap van Suid-Afrika in Irene, Pretoria, as voorsitter herkies, terwyl mnr. Pierre-André Cronjé as nuwe ondervoorsitter aangewys is in die plek van mnr. David van der Linde wat uitgetree het. Mnr. Myburgh Goosen is as nuwe bestuurslid aangewys. Die ander bestuurslede is mnre. Estienne Cronjé, Lynton Vermaak (Afrisim-verteenwoordiger), Martin Ras (lewenslange erevoorsitter, Herbert Bruinette, Jacques Steenkamp en me. Lauren James (rasdirekteur).

HINTERLAND

ONDERNEMING VIER SESDE BESTAANSJAAR

Hinterland, die landbou-kleinhandelsonderneming wat gevorm is met die samevoeging van Senwes en Afgri se handelswinkels, vier in Junie sy sesde bestaansjaar.

Die Town & Country- en Senwes Village-handelsmerke wat die onderskeie maatskappye se kleinhandelsake verteenwoordig het, het plek gemaak vir Hinterland. Elk van dié twee landboumaatskappye besit die helfte van Hinterland.

Hinterland is geografies geposisioneer om die grootste deel van Suid-Afrika se somer-oesgebied te bedien met 58 kleinhandeltakke in Gauteng, KwaZulu-Natal, Mpumalanga, die Noord-Kaap, Noordwes en die Vrystaat.

"Omdat die platteland na aan ons hart lê, is dit vir ons belangrik om produkte en oplossings aan ons klante in dié gebiede te verseker," sê mnr. Rupert Jacobs, bestuurder van korporatiewe bemarking en kleinhandel-ontwikkeling.

Afgesien daarvan dat die onderneming produksiemiddels aan graanboere verskaf, het hy ook 'n vee- en besproeiingsafdeling. Daarmee kan hy oplossings aan boere bied ten opsigte van hul behoeftes vir vee, teelprogramme, vee-opleidingsprogramme en stelsel- en mikrobesproeiïngsontwerpe.

Hinterland is nou ook betrokke by die borg van pryse op die gewilde *Landbouweekliks*-program op VIA. Tans is daar elke week R5 000 se Ruggedwear-klere wat gewen kan word.

Die afgelope drie jaar is Hinterland ook die hoofborg van die Alfa-interras-beeskompetisie wat in September by die Afridome op Parys aangebied word.

Voorts borg die onderneming die Mamre-projek vir intensiewe skaapboerdery. "Ons doel is om skaapproduksie op alle vlakke te vernuwe met die oordrag van inligting en opleiding, en om produkte en bestuurhulpmiddels te verskaf. Ons streef na welstand en die voorkoming van ongemak deur goeie voeding, gesondheid en geriewe," sê Jacobs.

– MEDEWERKER